



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2019**

**VERBRUIKERSTUDIES  
NASIENRIGLYN**

**MARKS: 200**

---

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 14 bladsye.

---

**VRAAG 1: KORTVRAE****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

	1.1.1	A ✓	(1)
	1.1.2	B ✓	(1)
	1.1.3	D ✓	(1)
	1.1.4	C ✓	(1)
	1.1.5	A ✓	(1)
	1.1.6	C ✓	(1)
	1.1.7	C ✓	(1)
	1.1.8	A ✓	(1)
	1.1.9	C ✓	(1)
	1.1.10	C ✓	(1)
	1.1.11	D ✓	(1)
	1.1.12	C ✓	(1)
	1.1.13	B ✓	(1)
	1.1.14	A ✓	(1)
	1.1.15	B ✓	(1)
	1.1.16	D ✓	(1)
	1.1.17	D ✓	(1)
	1.1.18	A ✓	(1)
	1.1.19	C ✓	(1)
	1.1.20	C ✓	(1)
1.2	1.2.1	D ✓	(1)
	1.2.2	A ✓	(1)
	1.2.3	G ✓	(1)
	1.2.4	F ✓	(1)
	1.2.5	E ✓	(1)
1.3	1.3.1	C ✓	(1)
	1.3.2	B ✓	(1)
	1.3.3	A ✓	(1)
1.4	A D F	✓✓✓	(3)
1.5	B D E H	✓✓✓✓	(4)
1.6	1.6.1	tuberkulose ✓	(1)
	1.6.2	gastro-enteritis ✓	(1)
	1.6.3	verkoop-teen-datum ✓	(1)
	1.6.4	herwinning ✓	(1)
	1.6.5	hernubaar ✓	(1)
<b>[40]</b>			

**VRAAG 2: DIE VERBRUIKER****2.1 Grysgoedere**

2.1.1 Grysgoedere/parallelgoedere ✓ (1)

2.1.2 Goedkoper/kos minder ✓ (1)

- 2.1.3
- As dit breek/foutief is, dan vind die koper dat daar geen waarborg van die amptelike verskaffer is nie ✓
  - Verkoper mag die item herstel maar die kwaliteit van die herstelwerk mag substandaard wees ✓
  - As die verkoper nie 'n kennisgewing vertoon nie, sal die koper nie weet dat dit grysgoedere is nie.
  - Die koper kan nie 'n ingeligte besluit neem nie
  - Die verkoper mag miskien nie verduidelik wat 'grysgoedere/produkkennisgewing' beteken nie
  - Die verkoper kan die produk verander sodat dit nie soos die oorspronklike produk lyk nie
  - Die produkte word nie deur goedgekeurde handelaars verkoop nie
- (Enige 2 x 1) (2)

**2.2 Belasting/Inflasie**

2.2.1 Gesondheid / minder besoedeling ✓ (1)

2.2.2 Suid-Afrikaanse Inkomstediens ✓ (1)

- 2.2.3
- BTW (Belasting op Toegevoegde Waarde) ✓
  - Aksynsbelasting (sondebelasting alkohol en tabak) ✓
  - Petrol/brandstof
  - Invoerbelasting / doeanedienste
  - Motorlisensie / bestuurders / leerling
  - TV-lisensie
  - Hengellisensie / jaglisensie
  - Lugpassasiers (oorsese reis)
  - Omgewingsbelasting (op plastieksakkies)
- (Enige 2 x 1) (2)

- 2.2.4
- 'n Gas wat tot die kweekhuis-effek bydra ✓
  - Koolstofdiksied (CO<sub>2</sub>) en ander gasse tree op as 'n kombars om die hitte ✓ uit te hou / blokkeer hitte uit die aarde na die ruimte / om te verhoed dat dit ontsnap ✓
  - 'n Kweekhuisgas bestral / stel hitte in alle rigtings vry ✓✓
- (Enige 2 x 1) (2)

- 2.2.5
- Pryse verhoog ✓ en jy kan minder koop ✓ / Jy kan minder uitgawes dek
  - Minder besteebare inkomste / verminder koopkrag van geld ✓
  - Afname in lewenstandaard ✓
  - Verminder die koopkrag van spaargeld
  - Pensioenarisse / mense met 'n vaste inkomste word meer beïnvloed
  - Beleggings / spaargeld minder werd
  - Die ekonomie ly en impak op werkverliese / werkers (verbruikers) word afgedank/raak werkloos
  - Brandstof styg en dus het dit 'n impak op voedsel as die pryse verhoog
- (Enige 4 x 1) (4)

### 2.3 Munisipale dienste

- Vullisverwydering: As die vullis nie verwyder word nie sal dit 'n ongesonde en onveilige omgewing word ✓
- Elektrisiteit: Indien daar elektrisiteitonderbreking is, of as die 50 kWh huishouding per maand nie die gratis elektrisiteitskwota ontvang nie, sal hulle geen basiese beligting hê nie / kan hulle nie die basiese huishoudelike apparaat gebruik nie / en sal nie ligte hê nie ✓
- Water: As die toegang tot water nie beskikbaar is nie / as gratis water nie aan armes voorsien word nie sal die gesondheid in gedrang kom ('compromised') / 'n impak op oorlewing hê ✓ Swak kwaliteit water is ongesond
- Sanitasie: Ongesonde lewensomstandighede / verspreiding van siekte / kontaminasie as basiese behoeftes nie voorsien is nie / toegang tot toiletfasiliteite is nodig ✓
- Paaie: As paaie ontoeganklik is / swak paaie sal 'n impak op veiligheid hê / mobiliteit / vermoë om 'n inkomste te verdien ✓
- Rioolverwydering: Groot gesondheidsprobleme / met die vloei van riool in die strate / riviere / besoedelde drinkwater ✓
- Infrastruktuur: Gebrek aan infrastruktuur affekteer gemeenskap se welsyn / beperk toegang tot opvoeding / gesondheidsorg / onvoldoende nooddienste ✓
- Algemene swak dienste: Industrieë/besighede sal nie daar oopmaak nie – beperkte werkseleenthede ✓  
Sosiale probleme soos tienerswangerskap / kinderverwaarloos / huismoles / dwelmmisbruik / misdaad/ etniese konflik / HIV/Vigs

**LET WEL:** Punte word toegeken vir die bespreking en nie vir die onderwerp nie. As die bespreking in diepte bespreek word, word 'n maksimum van 2 punte per area toegeken. Vraag is gebaseer op die basiese dienste en 3 verskillende areas moet bespreek word.

(6)  
[20]

**VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING****3.1 Lewensstylgedragsspatrone**

- Oormatige alkohol ✓
- Rook ✓
- Gebrek aan oefening (Enige 2 x 1) (2)

**3.2 Anemie****3.2.1 Ystertekort**

- Vroue verloor yster deur menstruasie ✓
- Verhoogde ystervereistes wat nie voldoende is tydens swangerskap nie
- 'n Dieet wat in yster ontbreek wanneer daar op gewigsverliesdieet en verslankingsdieet gefokus word (Enige 1 x 1) (1)

3.2.2 Oormatige ysterverlies ✓ bv. menstruasie, bloedverlies deur besering en bloeiende maagseer ✓

Swak ysterabsorpsie ✓ bv. diarree, ingewandsiekte, medikasie ✓ (4)

3.2.3 Yster is 'n komponent van hemoglobien ✓ in die rooibloedselle wat suurstof na die liggaam ✓ dra. Suurstof is nodig vir die selle om korrek te werk. ✓ Speel ook 'n rol in die handhawing van 'n gesonde immuunsisteem ✓ (3 x 1) (3)

**3.3 Eetversteurings**

Obsessie oor liggaamsgewig / Ontevrede met liggaamsgewig ✓  
 Verwonge liggaamsbeeld / Liggaamsgebrekkewessies / Swak selfbeeld ✓  
 Gebruik soortgelyke metodes om gewig te verloor byvoorbeeld oormatige gebruik van dieetpille, gebruik van purgeermiddel, diuretika, enemas, oormatige oefening ✓ (3 x 1) (3)

**3.4 Bestuur van anoreksie en bulimia**

- Psigoterapie om onderliggende oorsake te behandel ✓
- Hospitalisasie (in ernstige gevalle / mediese en psigologiese komplikasies) ✓
- Berading of kognitiewe gedragsterapie deur 'n geestelike ✓  
gesondheidspesialis
- Voedingsopvoeding / berading
- Medikasie: antidepressante
- Sluit by 'n ondersteuningsgroep aan
- Multidissiplinêre benadering met dokters, sielkundiges en dieetkundiges
- Fisiese behoeftes word aangespreek sodat normale eetpatrone hervat kan word
- Gedragsbeheer (Enige 3 x 1) (3)

### 3.5 Grafiek: Bloedglukosevlakke

- 3.5.1 1 – Hiperglukemie ✓  
2 – Hipoglukemie ✓ (2)

- 3.5.2 Insulien ✓ (1)

- 3.5.3
- Wanneer jy maaltye oorslaan of nie genoeg eet nie / onreëlmatige eetgewoontes ✓
  - As jy hard/baie oefen of vir 'n lang tyd sonder om ekstra kos te eet ✓
  - As jy 'n onderliggende siekte het, bv. gewas op pankreas
  - Die neem van sekere medikasie
  - Eet van baie vet
  - Eet hoë glukemiese-indeks voedsel (hoë GI)

(Die glukosevlakke styg baie gou en die liggaam stel baie insulien vry om die glukosevlak in die bloed af te bring. Skielike verwydering van die glukose van die bloed sal veroorsaak dat die glukosevlak benede die normale vlak daal) (Enige 2 x 1) (2)

- 3.5.4
- Glukosevlakke sal nie fluktueer nie / nie te hoog of te laag nie wees ✓
  - Gee deurlopende voorsiening van energie / sal nie somer groot hoeveelheid glukose in die bloed ✓ wees nie
  - Dit lei tot volgehoue energievlakke ✓
  - Energie sal nie gou opraak nie / sal nie gou moeg voel nie ✓ wat lei tot beter gewigsbeheer ✓
  - Insulien sal nie voortdurend vervaardig word nie, ✓ wat die pankreas sal oorstimuleer, ✓ wat die ontwikkeling van insulienweerstand veroorsaak ✓ (Enige 5 x 1) (5)

### 3.6 Vigs en Voedselveiligheid

- 3.6.1 Vigslyers het 'n swak immuunstelsel ✓ wat beteken groter vatbaarheid vir infeksie ✓ (2)

#### 3.6.2 Higiëniese praktyke wanneer met kos gewerk word:

- Was jou hande vir ten minste 20 sekondes in warm seepwater voor en nadat jy rou produkte hanteer het
- Was jou hande nadat jy die toilet besoek, babadoeke omruil of na die aanraak van babadoeke
- Maak toebehore en oppervlakke skoon met warm seepwater na voedselvoorbereiding
- Voedselvoorbereidingsareas moet vry wees van vlieë en kakkerlakke want hierdie insekte dra patogene van gekontameneerde voedsel of direk van menslike afval na ander voedsel (Enige 4 x 1) (4)

### 3.7 Spyskaart – Hartsiektes

- 3.7.1 Versadigde vet ✓ en cholesterol (LDL) ✓ teenwoordig in kase (kaas/maaskaas) is laag/verminderde vet / is beperk ✓ so wel as onversadigde vet in vetsmere  
Dit is beter vir 'n persoon want minder vet akkumuleer in arteries / geen blokkasies ✓ / sal nie die bloedcholesterolvlakke verhoog nie ✓  
Poli-onversadigde ✓ in salm ✓ help om bloedcholesterolvlakke te verlaag ✓  
Mono-onversadigde vette ✓ in avokadopere / grondboontjies ✓ / goeie plantaardige vette wat help om die bloedcholesterolvlakke te verlaag ✓  
Transvette ✓ in vetsmere ✓ sal beperk wees omdat dit nie 'n harde margarien is nie / geen versadigde vette ✓ / afgeroomde vetvrye en sagte smere/margarien/nie die harde blok sal minder transvette ✓ hê – dus geen bydra tot kardiovaskulêre siektes nie

**LET WEL:** Moenie net enige regmerkiermerk nie. Merk die tipe vet en vergelyk die bron en voordeel.

(Maks. 8)

(8)

**[40]**

**VRAAG 4: KLEDING****4.1 Eko-mode**

4.1.1 Die in-ding om te dra / tans populêr / 'hot and happening' ✓ (1)

4.1.2 Het minimum impak op die omgewing omdat:

- Die hulpbronne nie opgebruik of permanent beskadig word wanneer die produk vervaardig word nie ✓
- Min chemikalieë word gedurende die groei (kultivering) van die plant en die prosessering (produksie) van die tekstiele gebruik ✓
- Materiale en kledingstowwe word van hernubare hulpbronne soos bamboes en hennep geproduseer ✓
- Plante vereis minder water maar lewer goeie oeste sonder skade aan die grond ✓
- Groei sonder plaagdoders en onkruidodders en word vervaardig deur geen bleikmiddels / chemiese kleursel te gebruik / natuurlike plantkleursel
- Is dikwels van herwinbare en herbruikbare tekstiele

**LET WEL:** Indien nie in paragraafvorm verskyn nie, -1 punt. (4)

**4.2 Nabootsing en vervalsing**

- Nabootsing – maak gebruik van handelsnaam/ logo wat soortgelyk ('similar') is aan die oorspronklike handelsmerk/logo – of wettig ✓
- Vervalsing – 'n kopie wat presies soos die oorspronklike lyk (replika) of onwettige kopie van 'n produk ✓ (2)

**4.3 Retrospektiewe mode**

4.3.1 Klere wat 'n vorige era naboots/dieselfde as die vorige era/vroeëre periode  
Die 2018 (prent **B**) toon ook die afskouer en die kortmou-ontwerp ✓

**OF**

Die ontwerp is 'n moderne ontwerp. ✓  
Die 2018-rok het 'n losser mou in plaas van die rek ('elastic') en geen valletjies op die neklyn nie / met gewone wit kleedstof ✓

**LET WEL:** Moet verwys na die prent vir 'n tweede punt. (2)

4.3.2 Volwassenheid ✓ (1)

4.3.3 Gemiddelde mode / kontemporêre / standaard mode ✓ (1)



4.4 Modeveranderinge

Bekendes veroorsaak dat die modeverandering versnel, ✓ aangesien verkope sal styg ✓ en meer klere aangekoop word / meer gewild ✓ / raak die verbruiker sosiaal / sosiale faktor ✓ / is 'n positiewe verandering ✓

(Enige 3 x 1) (3)

4.5 Evaluering van uitrusting

Die uitrusting kan nie sonder 'n das werk toe gedra word nie / sonder 'n das nie geskik nie ✓ hoewel die uitrusting vir werk geskik is ✓ omdat die kleure neutraal ✓ is / wit, vlootblou en bruin

Al die uitrustings is 'n klassieke styl/werkstyl / professionele voorkoms ✓

Skoen: Toe / kleur pas by die broek ✓

Baadjie: Styl is formeel, korrekte lengte, vlootblou is neutraal/klassieke styl

Hemp: Wit geskik. Langmou geskik

Broek: Korrekte styl / klassiek / formeel

**LET WEL:** Die uitrusting mag as 'n geheel of as individuele kledingstukke bespreek word.

Moenie dieselfde punt twee keer merk nie.

(Enige 6 x 1) (6)

**[20]**

**VRAAG 5: BEHUISING****5.1 Behuisingopsies**

5.1.1 Die persoon is die wettige eienaar van die hele eiendom/land ✓ en die strukture daarop ✓ (2)

5.1.2 Huurkontrak ✓  
Huiseienaar/verhuurder/eiendomseienaar ✓  
Huurder ✓ (3)

5.1.3 • As daar enige skade aan die eiendom is ✓  
• As huurgeld uitstaande is ✓  
• As die perseel voor die huurtermyn verby is, verlaat word ✓  
(Enige 2 x 1) (2)

**5.1.4 Opsie 1: Huur**

Die huurder is nie verantwoordelik vir die versorging van die swembad nie/sal nie betaal vir die gebruik van die swembad nie ✓ Tensy die kontrak anders stipuleer ✓

Die eienaar van die eiendom moet betaal vir chemikalieë/  
onderhoud /instandhouding ✓ (Maks. 2)

**Opsie 2: Deeltitel**

Die eienaar betaal 'n maandelikse heffing ✓ vir onderhoud van die gemeenskaplike eiendom ✓

Die swembad is gemeenskaplike eiendom ✓ (Maks. 2) (4)

5.1.5 • Beter sekuriteit as om alleen op 'n aparte erf te bly / 24 uur-sekuriteit wat jy moontlik nie sou kon bekostig het as jy apart op 'n erf gewoon het nie ✓  
• Geniet die gebruik van die swembad/ gemeenskaplike fasiliteite van die kompleks sonder die verantwoordelikheid van persoonlike versorging ✓  
• Spaar geld want dit is slegs 'n klein tuin wat goedkoper is om te versorg as 'n groot tuin ✓  
• Hierdie komplekse is gewoonlik nader aan die stad dus spaar jy op vervoerkoste ✓  
• Jy het minder verantwoordelikhede/minder administrasie want die korporatiewe liggaam beheer en bestuur die kompleks ✓  
• Jy trek voordeel uit gedeelde verantwoordelikhede omdat dit in die eienaar se belang is dat die kompleks goed versorg word ✓  
(Enige 4 x 1) (4)

- 5.1.6
- Dit is nuut / niemand het dit voorheen besit nie / die koper is die eerste eienaar ✓
  - Geen persoon se naam hoef oorgedra te word nie /dit was nie voorheen in iemand se naam nie ✓
  - As die verkoper geregistreer is as 'n BTW-ondernemer ('vendor') ✓ (gewoonlik die geval waar die koop van eiendom as nuwe ontwikkelaar vir BTW geregistreer is). Die verkoper het BTW in die verkoopprys ingesluit. Belasting alreeds betaal ✓ (Enige 2 x 1) (2)

5.1.7

	Oordragsfooie	Oordragskoste
Hoofverskille	Regskoste/prokureursfooie ✓	Regering (Belasting) ✓
Wie kry uiteindelik die fooi	Prokureur / aktebesorger ✓	Suid-Afrikaanse Inkomste Diens/ SAID ✓
Waarop is die fooie gebaseer	Hang af van eiendomsprys/ regsfirmas/regsvereniging se aanbevole tariewe ✓	Hang af van die eiendom se prys / waarde van die eiendom. Hoe hoër die prys van die huis, hoe hoër is die bedrag ✓

**LET WEL:** -1 as antwoord nie in tabelvorm is nie. (6)

- 5.1.8
- (a) Koopakke ✓
- (b) Titellakte ✓ (2)

## 5.2 Huishoudelike apparaat – Mikrogolfoond

- 5.2.1
- Behoeft van die gesin / waarvoor hulle dit sal gebruik / funksionaliteit ✓
  - Ruimte beskikbaar / grootte van die oond ✓
  - Begroting / koste / regverdig die kenmerke en kwaliteit die prys ✓
  - Kenmerke / goeie watt / het dit 'n draaitafel / minder kenmerke ('features') is goedkoper om te herstel ✓
  - Waarborg / naverkoopdiens ✓
  - Maklik om te gebruik ✓ (Enige 3 x 1) (3)
- 5.2.2 Outomatiese ontdooi ✓ en vooraf-geprogrammeerde instelling ✓ (2)
- 5.2.3 Menslike ✓ (1)

5.2.4 Outomatiese ontdooi ✓

- Dit kan uitwerk hoe lank die voedsel sal neem om te ontdooi

**OF**

- Sal gouer wees as om te raai hoe lank dit sal neem en tyd heelyd aan te pas / Pons slegs die korrekte gewig in ✓

Vooraf geprogrammeerde instelling ✓

- Outomatiese kookwyse ('auto cook')/ werk die kooktyd outomaties uit

**OF**

- Jy hoef nie die kooktyd of kragvlak te stel nie / dit sal die tyd uitwerk, jy pons net die nommer vir die voedsel tipe in ✓

1000 Watt vermoë ✓

- Hoër watt-vermoë, raak gouer warm ✓

Draaitafel ✓

- Deur nie die mikrogolfoond te stop en die bak te draai nie, sal jy tyd bespaar ✓

(3 Ontwerpkenmerke en 3 Verduidelikings)

(6)

## 5.2.5 • Spandeer geld oordeelkundig / om te begroot / spandeer 'n maksimum van R1 200 ✓

- Vergelyk pryse / kry 'n billike aanbod ✓
- Besoek winkels ✓
- Het na vier handelaars gegaan ✓
- Kyk of die mikrogolfoond 'n terugneem-polis het ✓
- Lees die waarborg ✓

(Enige 3 x 1)

(3)

**[40]****VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**6.1 6.1.1 Besigheidsidee

- (a) Sy het die produk op haar vriende getoets (toets die monsters) ✓

Haar vriende hou van die unieke geure

Het twee verskillende maaltydmonsters gemaak (Enige 1 x 1) (1)

- (b) Spaar die geld wat sy as kelnerin verdien het / spaargeld ✓ (1)

- (c) Huis / aanlyn ✓ (1)

## 6.1.2 • Sy het die supermarkthandelsnaam probeer ✓✓

- Sy het na die aanlynhandelsmerke gekyk asook na haar mededingers

- Sy het 'n aantreklike ('catchy') handelsnaam gekies

- Sy het geweet haar maaltyd-'kits' moet meer aanloklik lyk

(Enige 2 x 1)

(2)

- 6.1.3
- Sy is kreatief
  - Kennis van Verbruikerstudies wat sy op skool geneem het
  - Sy kan 'n rekenaar gebruik
  - Sy het 'n besigheidsbestuurskursus gevolg / het kennis om 'n besigheid te bestuur
  - Vriende help haar met smaak en gee haar terugvoering
  - Sy kan kook
  - Sy het kennis van giere (eko-vriendelike verpakking /vegetariërs)
  - Kennis oor teikenmark
  - Is gedissiplineerd om te spaar
  - Het menslike vaardighede (was 'n kelnerin) (Enige 2 x 1) (2)
- 6.1.4 (a)
- Bestanddele plaaslik beskikbaar ✓
  - Het 'n verskaffer vir verpakkingsbokse ✓ (2)
- (b)
- Omgewingsvriendelike verpakking / 100% herwinbaar ✓
  - Gebruik minimale plastiek ✓
  - Produk het 3 opsies (hoender, beesvleis en bone) ✓
  - Unieke geure / kombinasies / heerlik (smaaklik) ✓
  - Gesond ✓
  - Vegetariër-opsies / plantbasis ✓
  - Geleentheid om nuwe geure / bestanddele te probeer
  - Gerieflik / tydbesparend
  - Verkoop teen 'n goeie prys (Enige 6 x 1) (6)
- 6.1.5 'Quickstix' impliseer dat die maaltyd vinnig voorberei kan word ✓/ wat pas by die behoefte aan geriefkos en om tyd te spaar ✓ (2)
- 6.1.6
- Beskerm die produk ✓
  - Wees veilig ✓
  - Higiënies / hou die produk skoon en vars
  - Maklik vir verspreiding
  - Sterk om te vervoer
  - Maklik vir kliënte om te hanteer / oop / toe / goed ontwerp om te hanteer
  - Beskerm die omgewing teen beskadiging
  - Maklik om te dra, uitstal en opstapel
  - Geskik vir die teikenmark (Enige 2 x 1) (2)
- 6.1.7
- Moet vooruit beplan ✓
  - Beplan haar tydskedule ✓
  - Prioritiseer take ✓
  - Ken tyd aan elke taak toe ✓
  - Volg 'n roetine
  - Netjiese werkarea
  - Moenie uitstel nie (Enige 4 x 1) (4)

- 6.1.8 (a)  $R21,00 + R5,00 + R7,00 + R2,50 + R6,00 + R30 = R71,50$  ✓ (1)
- (b)  $R71,50 \times 65 \div 100 = R46,48$  ✓  
 $R71,50 + R46,48 = R117,98$  ✓ = R118 ✓ (3)
- (c)  $R46,48 \times 120$  ✓ = R5 577,60 ✓ (2)

**LET WEL:** -1 as die R-waarde nie in die finale antwoord is nie

- 6.1.9
- Moet in 'n stelling geskryf wees ✓
  - Moet meld dat dit vier persone kan bedien ✓
  - Moet sê verpakking is in 'n herwinbare boks ✓
  - Instruksies om te maak (resep) binne ✓
- Byvoorbeeld:** Die maaltyd-‘kit’ bedien 4. Die bestanddele word in aparte sakkies verpak en is in 'n herwinbare boks met 'n resep. (4)

- 6.1.10
- Boks is van herwinbare karton gemaak ✓
  - Minimum plastiek gebruik / minder verpakking ✓
  - Die boks kan hergebruik word ✓
  - Die boks kan herwin word / kan na die herwinningsdepot geneem word ✓
  - Die karton is bioafbreekbaar ✓
  - Ondersteun plaaslike verskaffers / nie ingevoer nie / oppervalkbesoedeling ✓
  - Spaar petrol – produkte word afgelewer ✓
  - Vinnige voorbereiding gebruik minder elektrisiteit vir voorbereiding
  - Beskerm die omgewing vir die toekomstige generasie/geslag
  - Koop slegs die nodige bestanddele / al die bestanddele wat jy nodig het is in die houer / geen vermorsing

(Enige 7 x 1) (7)  
**[40]**

**TOTAAL: 200**